| EXAMINATION | NATIONAL SENIOR CERTIFICATE |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | VERBRUIKERSTUDIES |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 200 |
| **DUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 18 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **SES** vrae.

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| 1 | Kort vrae (Al die onderwerpe) | 40 | 20 |
| 2 | Die Verbruiker | 40 | 40 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising | 20 | 20 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. **AL** die vrae is **VERPLIGTEND.**

3. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringsisteem in die vraestel.

4. Begin elke vraag op ‘n **NUWE** bladsy.

5. Jy mag ‘n sakerekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met blou ink.

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Moenie vraagnommers in die kantlyn skryf nie.

© SACAI COPYRIGHT

## AFDELING A: KORT VRAE (Al die onderwerpe)

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die onderstaande vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.20) in jou ANTWOORDBOEK bv 1.1.21 E.

1.1.1 ‘n Hernubare vorm van elektriese energie:

A Hidroëlektrisiteit
B Kernkrag
C Dieselopwekkers
D Fossielbrandstowwe (1)

1.1.2 Kies die KORREKTE stelling in verband met die gebruik van gastoestelle in die huis.

A Gastoestelle vereis baie onderhoud
B Gastoestelle is nie so veilig om te gebruik soos elektriese toestelle nie
C Gastoestelle is nie ergonomies ontwerp nie
D Gas kan nie oral gebruik word nie (1)

1.1.3 Aksynsbelasting word op … betaal.

A gepasteuriseerde melk
B 100% druiwesap
C vonkelwyn
D gas koeldranke (1)

1.1.4 Die onderstaande belastingbetalers betaal voorlopige belasting:

A Verkoopsverteenwoordigers op kommissie en onderwysers
B Boere en verkoopsverteenwoordigers op basiese salaris
C Onderwysers en verkoopsverteenwoordigers op basiese salaris
D Verkoopsverteenwoordigers op kommissie en boere (1)

1.1.5 Pieter het ‘n tweedehandse mikrogolfoond gekoop. Die kontrak het duidelik gemeld dat die verkoper nie verantwoordelik is as die mikrogolfoond enige probleme veroorsaak nie. Dit is ‘n voorbeeld van …

A grysgoedere.
B onbillike sakepraktyke.
C vrystellingsklousules.
D afkoelpraktyke. (1)

1.1.6 Voorbeelde van lae-GI-voedsel:

A Semelmuffins, piesangs
B Ryskoekies, lietsjiesap
C Koeskoes, aartappel
D Joghurt, bruinrys (1)

1.1.7 Die hoofoorsake van hipoglukemie:

A Ongereelde eetgewoontes, verkeerde tipes voedsel
B Sittende leefstyl, hoë stresvlakke
C Oormatige versadigde vetinname, geen insulien in die liggaam
D Hoë bloedglukosevlak, oormatige sout-inname (1)

1.1.8 ‘n Gevolg van diabetes:

A Sommige kankers en osteoporose
B Hoë bloeddruk en stres
C Hartsiektes en beroertes
D Skildklierprobleme en vetsug (1)

1.1.9 Transvetsure word in … gevind.

A bruinbrood en tertgebak
B beskuitjies en harde margarien
C grondboontjiebotter en neute
D kaas en bruinrys (1)

1.1.10 ‘n Fisiese komplikasie van anorexia nervosa:

A Osteoporose
B Voedselallergieë
C Hoë bloeddruk
D Diabetes (1)

1.1.11 … is ‘n voorbeeld van ‘n eko-vriendelike kleedstof.

A Nylon
B Bamboes
C Poliëster
D Akriel (1)

© SACAI COPYRIGHT

1.1.12 Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord die vraag wat volg:




Image: Run star motion cx - a03924c - black/black/black Converse Sneakers | Superbalist.com

Hierdie skoen is 'n voorbeeld van 'n …

A modeneiging.
B modegier.
C klassieke mode.
D standaard modeneiging. (1)

1.1.13 Die persoon wat maandeliks fooie betaal om in 'n ander persoon se eiendom te woon:

A Verhuurder
B Koper
C Huurder
D Huiseienaar (1)

1.1.14 Die … beskerm verbruikers wat huis bou:

A Behuisingsverbruikersbeskermingsbouraad
B Verbruikersbeskermingsbouraad
C Nasionale Huisbouersregistrasieraad
D Standaard Huisbouersraad (1)

1.1.15 … dek die strukture en permanente toebehore van 'n huis teen brande en vloede.

A Huiseienaarsomvangrykeversekering
B Huiseienaarsinhoudversekering
C Verbandbeskermingsversekering
D Huishoudelike-inhoudversekering (1)

1.1.16 … onderhoud verseker ‘n ononderbroke produksievloei.

A Daaglikse
B Onklaarrakings-
C Regstellende
D Roetiene/gereelde (1)

1.1.17 ‘n Deeglike boekhoudingstelsel in ‘n kleinskaalse onderneming …

A is noodsaaklik vir die bedryf van die onderneming.
B sal die verkope verhoog.
C sal voorraadbeheer makliker maak.
D is noodsaaklik om die kwaliteit van die produkte te handhaaf. (1)

1.1.18 Die verkoopprys van ‘n produk moet …

A bepaal word voordat die produk gekies word.
B slegs die prys van die bestanddele dek.
C al die kostes dek en ‘n wins laat.
D die kinders se skoolfooie insluit. (1)

1.1.19 Die faktor wat bydra tot die mislukking van sommige entrepreneurs:

A Vaardighede en bekwaamhede is oorweeg
B Deeglike marknavorsing
C Produseer min produkte
D Onvoldoende kapitaal om die onderneming te begin (1)

1.1.20 ‘n Kleinskaalse onderneming se beste verkope scenario kom voor wanneer …

A minder verkoop word as die gelykbreekpunt.
B die verkoopsdoelwit bereik is.
C dit geld benodig om die onderneming aan die gang te hou.
D die verkoopprys aangepas word om kleingeld te vermy. (1)

© SACAI COPYRIGHT

1.2 Kies uit onderstaande lys DRIE voordele om ‘n voltitel-huis te koop. Skryf slegs die letter (A-F) langs die vraagnommer 1.2 in die ANTWOORDBOEK bv 1.2 G, H, I.

A Die eienaar moet kapitaalwinsbelasting betaal wanneer hy die huis verkoop
B Die huis kan as sekuriteit vir ‘n banklening gebruik word
C Die nuwe bure mag dalk baie raas
D Die eienaar het verblyfreg
E Die eienaar is verantwoordelik vir die onderhoud van die eiendom
F Die eienaar kan veranderinge aan die eiendom aanbring (3)

1.3 Pas die effek van voedselbymiddels op voedsel (KOLOM B) by die voedselbymiddels (KOLOM A). Skryf slegs die letter (A-H) langs die vraagnommer (1.3.1-1.3.5) in jou ANTWOORDBOEK bv 1.3.6 J.

| KOLOM A<br>VOEDSELBYMIDDELS | KOLOM B<br>EFFEK VAN VOEDSELBYMIDDELS OP VOEDSEL |
|---|---|
| 1.3.1 Lesitien | A Verhoed dat slaaisouse galsterig word |
| 1.3.2 Karoteen | B Verhoed ensiematiese verbruining van droëvrugte |
| 1.3.3 Swaeldioksied | C Vorm stabiele emulsies |
| 1.3.4 Vitamien E | D Verhoed skimmelgroei |
| 1.3.5 Sout | E Kleur margarien |
| | F Dra by tot die dikte en gladheid van koekmengsels |
| | G Versnel die rypwordingsproses |
| | H Verbeter die smaak van voedsel |

(5)

1.4 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) in die ANTWOORDBOEK, bv 1.4.6 spaargeld.

1.4.1 ‘n (Halfgeskoolde/Geskoolde) werker sal gereelde leiding moet kry en gekontroleer moet word. (1)

1.4.2 Om vas te stel of ‘n entrepreneur met ‘n onderneming moet voortgaan, moet hy/sy ‘n (kwaliteitstudie/uitvoerbaarheidstudie) doen. (1)

1.4.3 ‘n Geskrewe beskrywing wat alles van die produksie van die produk insluit is ‘n (produkverduideliking/produkspesifikasie). (1)

1.4.4 (Volhoubare/Effektiewe) produksie is die produksie van goedere om in die basiese behoeftes van verbruikers te voorsien sonder om die omgewing te beskadig. (1)

1.4.5 Die (handels-/produk-) naam help verbruikers om ‘n onderskeid tussen mededingers te maak. (1)

© SACAI COPYRIGHT

1.5 Pas die redes vir modeverandering (KOLOM B) by die voorbeelde van modeveranderinge (KOLOM A). Skryf slegs die letter langs die vraagnommer (1.5.1-1.5.2) in die ANTWOORDBOEK bv 1.5.3 E.

<table>
<tr><th>KOLOM A<br>Voorbeelde van modeveranderinge</th><th>KOLOM B<br>Redes vir modeveranderinge</th></tr>
<tr><td>
1.5.1




Nike Sportswear Club men’s T-shirt Nike ZA

1.5.2




*Bron: Barbie Movie Posters Reveal Cast: Margot Robbie, Dua Lipa & More (variety.com)*
</td><td>
A Politieke en geregtelike faktore<br>
B Tegnologiese faktore<br>
C Sosiale faktore<br>
D Ekonomiese faktore
</td></tr>
</table>

(2)

1.6 Gee EEN term vir elk van die onderstaande beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.6.1-1.6.5) in die ANTWOORDBOEK bv 1.6.6 belasting.

1.6.1 Al die lede van die groep trek voordeel uit hierdie spaarklub. (1)

1.6.2 Hierdie skema berus op 'n multivlak-sisteem waar die boonste vlak meer verdien as die ander lede. (1)

1.6.3 'n Onbekende epos wat persoonlike bankbesonderhede versoek. (1)

1.6.4 'n Persentasie word by die prys van spesifieke goedere en dienste wat aan verbruikers verkoop word, gevoeg. Hierdie geld word aan die regering betaal. (1)

1.6.5 Die belasting wat munisipaliteite op vaste eiendom hef. (1)

**TOTAAL AFDELING A: [40]**

© SACAI COPYRIGHT

## AFDELING B

### VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**Sonkrag spelers waarsku teen vervalste/nagemaakte sonpaneel swendelskemas**

Suid-Afrika sien ‘n toenemende verhoging in die verkope van nagemaakte en substandaard sonpanele deur ongeregistreede verskaffers, te midde van die land se erger wordende krag-krisisse.

Baie klante het reeds ‘n slegte ervaring gehad nadat hulle ander maniere om sonenergie te installeer, probeer het. Verbruikers moet versigtig wees as hulle met herverkopers of verspreiders wat onrealistiese lae pryse aanbied, sake doen.

Hierdie panele voldoen dikwels nie aan die vereiste werkverrigting- en veiligheidstandaarde nie en dit lei tot oneffektiewe kragopwekking en veiligheidsrisiko’s vir verbruikers.

Waarborge, deur hierdie maatskappye, sal nie onderhou word wanneer die paneel nie na wense volgens die oorspronklike toerustingvervaardiger se spesifikasies funksioneer nie, omdat dit nagemaak is.

Die bekendstelling van ‘n belastingkorting vir sonpaneelsisteme het verder die gewildheid van sonpaneelsisteme in huishoudings oor die land bevorder.

Volgens die regering sal mense wat sonpanele van 1 Maart 2023 tot 29 Februarie 2024 op hul dakke installeer, in aanmerking kom vir ‘n belastingkorting van 25% van die koste van die panele, met ‘n maksimum korting van R15 000.

Maar hierdie belastingverligting doen min om inwoners teen die volle koste van die installasie te beskerm. So, wanneer verbruikers ‘n goeie winskopie aanlyn sien, belê hulle vinnig daarin omdat koue, donker winters hulle besluitnemingsproses beïnvloed.

Bron: Solar players warn of counterfeit solar panel scams l ITWeb

2.1.1 Noem TWEE wette wat die verbruiker teen onbillike sakepraktyke soos hierdie herverkopers of verspreiders beskerm. (2)

2.1.2 Verduidelik hoe ‘n waarborg verbruikers beskerm. (3)

2.1.3 Identifiseer en verduidelik TWEE onbillike sakepraktyke in die uittreksel. (2x2) (4)


2.1.4 Bespreek VIER grondige redes waarom sonenergie 'n lewensvatbare opsie tydens Suid-Afrika se energiekrissise kan wees. (4x2) (8)

2.2 Lees onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

**VERBRUIKER INFLASIE VERSNEL**

Pryse vir pluimvee-verwante produkte, insluitend eiers, het onder verhoogde opwaartse druk gekom as gevolg van die uitbreek van voëlgriep. Die slagting van miljoene hoenders het tot mark-tekorte en paniek aankope deur besorgde verbruikers gelei.

Interessant genoeg, het prysstygings oor die land verskil. Wes Kaapse verbruikers het dit die ergste gevoel, met 'n bakkie van ses eiers wat met R6.42 van 'n gemiddelde prys van R17.71 in Oktober 2022 tot R24.13 in Oktober 2023 gestyg het. Gauteng verbruikers moes 'n ekstra R4.81 in dieselfde tydperk betaal. Teen 'n gemiddelde prys van R24.32, was 'n bakkie met ses eiers die duurste in Gauteng gedurende Oktober.




Bron: Consumer inflation accelerates to 5.9% I Statistics South Africa (statssa.gov.za)

2.2.1 Definieer *Verbruikersprysindeks*. (3)

2.2.2 Beskryf hoe die Verbruikersprysindeks-"mandjie" gekies word. (1)

2.2.3 Stel DRIE redes voor waarom die inflasie van eiers so drasties verhoog het. (3)

2.2.4 Stel DRIE ander redes voor waarom die algemene voedselinflasie sou verhoog het. (3)

2.2.5 Verduidelik die moontlike effek van inflasie op bejaarde persone. (3)

2.3 Verduidelik wat die Lopende Betaalstelsel behels. (2)

2.4 Bespreek hoe die gebrek aan dienslewering deur munisipaliteite watervoorsiening affekteer en die gevolge daarvan. (8)

**[40]**

**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**

3.1 Noem VYF dieetveranderinge wat bloedcholesterolvlakke sal verlaag. (5)

3.2 Beantwoord die onderstaande vrae oor osteoporose.

3.2.1 Noem VIER faktore wat die risiko om osteoporose te ontwikkel, verhoog. (4)

3.2.2 Verduidelik die gevolge van osteoporose. (4)

3.3 Verduidelik die verskil tussen ‘n suiwel/melkallergie en ‘n suiwel/melkintoleransie. (6)

3.4 Lees onderstaande gevallestudie en beantwoord die vraag wat volg.

> Riana is ‘n jong volwassene wat aan Tipe 1 diabetes ly. Sy eet net vetterige vleis, aartappelskyfies, suikerbevattende voedsel en witbrood en sy drink baie koeldranke. Sy neem nie deel aan enige sport nie en bly in haar kamer en speel video speletjies.
>
> Eie teks

Gee grondige voorstelle hoe sy haar Tipe I diabetes kan bestuur. (5)

3.5 Beantwoord die onderstaande vrae oor anemie.

3.5.1 Noem DRIE nutriënte wat ‘n belangrike rol speel om anemie te verhoed. (3)

3.5.2 Toon hoe ‘n konstante voorraad gesonde rooibloedselle anemie sal verhoed. (5)

3.6 Analiseer onderstaande eetpatroon en gee grondige redes waarom hierdie jong volwassene moontlik vetsug sal ontwikkel.

| **Ontbyt** | **Oggend versnapering** | **Middagete** | **Middag versnapering** | **Aandete** |
|---|---|---|---|---|
| Koffie met melk en suiker | Aartappel-skyfies Sjokolade stafie | Witbrood toebroodjies met grond-boontjie-botter en stroop "Coca cola" | "Jelly babies" Sjokolade stafie | Kaasburger, Gebraaide skyfies en uieringe "Coca cola" |

(8)

**[40]**

© SACAI COPYRIGHT

**VRAAG 4: KLEDING**

4.1 Definieer die onderstaande mode terme:

*(a) Modegier* (2)

*(b) Klassieke mode* (2)

4.2 Verduidelik waarom modesiklusse oorvleuel. (2)

4.3 Noem TWEE punte van die vervaardigingskode vir "Fair Trade" maatskappye. (2)

4.4 Beskryf hoe formele werksklere aangepas kan word vir 'n aandfunksie by die werk. (4)

4.5 Lees onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**POLISIE VERNIETIG NAGEMAAKTE GOEDERE**
In Gauteng het die polisie hope nagemaakte klere, "sneakers", sakke, sokkerskoene en ander items gekonfiskeer en vernietig (stukkend gesny).
Polisie Minister Bheki Cele het gesê: "Dit is 'n ekonomiese kanker wat aan die wese van ekonomiese groei in die land vreet. Dit is ekonomiese sabotasie."
Volgens die polisie word die versnipperde stukke herwin vir verskeie ander gebruike in die klere-industrie en tuisindustrie.
Bron: https://www.enca.com>news>crime-sa-multi-million

4.5.1 Verduidelik wat nagemaakte goedere is. (1)

4.5.2 Bespreek die voordele om die nagemaakte klere stukkend te sny en dan te herwin. (3)

4.5.3 Gee grondige redes waarom die verwydering van nagemaakte goedere in Suid-Afrika noodsaaklik is vir ons ekonomie. (4)

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING

5.1 Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat volg.



**R 645 000**

2 slaapkamer woonstel in Kopler park Kompleks te koop.




Ontdek die perfekte samesmelting van gerief en gemak in hierdie 2-slaapkamer, 1-badkamer woonstel in die veilige en goedversorgde kompleks in Kopler Park. Geniet toegang tot plaaslike geriewe, opvoedkundige instellings, vervoeraansluitings en hoofweë.

Eie teks

5.1.1 Identifiseer die tipe huiseienaarskap wat die aankoop van bogenoemde woonstel verteenwoordig. (1)

5.1.2 Noem DRIE gebruike van die maandelikse heffing wat in woonstel-komplekse betaal word. (3)

5.1.3 Gee ‘n oorsig van VYF voordele van die aankoop van hierdie woonstel vir ouers van ‘n eerstejaar student. (5)

5.2 Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat volg.




*Bron: Eie teks*

5.2.1 Beskryf 'n afbetalingsverkooptransaksie. (3)

5.2.2 Verduidelik waarom die kontant aankoopprys minder is as die prys van die afbetalingsverkooptransaksie. (2)

5.2.3 Evalueer die geskiktheid van hierdie produk vir 'n eerstejaar student. (6)

**[20]**

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 Noem VYF vereistes vir kwaliteit produkte. (5)

6.2 Noem TWEE maniere hoe 'n entrepreneur 'n nuwe onderneming kan finansier. (2)

6.3 Noem VIER faktore wat die doeltreffende produksie van kwaliteit produkte beïnvloed. (4)

6.4 Noem VIER faktore wat produksiekostes sal verhoog. (4)

6.5 Bespreek hoe die beskikbare ruimte die produksie in 'n tuisonderneming sal beïnvloed. (4)

6.6 Lindiwe bak elke dag, van Maandag to Vrydag, 20 melkterte. Hy het een helper vir wie hy R250 per dag betaal. Gebruik die onderstaande inligting om die verkoopprys van een (1) melktert te bepaal.

| | |
|---|---|
| Koste om 20 melkterte te produseer | R750.00 |
| Lone | R250.00 |
| Ander kostes per week | R300.00 |

Lindiwe wil 70% wins maak. (7)

6.7 Bestudeer die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg:

SUPERBALIST.COM

"Superbalist" is die grootste aanlyn-mode kleinhandelaar in Suid-Afrika. Superbalist is in 2011 met die maatskappy-naam "City Mod" gestig - hierdie onderneming het op hoë-kwaliteit transaksies vir verbruikers gefokus. In 2013 is die maatskappy herbenoem as "Superbalist .com." Vandag is die handelsnaam 'n toonaangewende e-handelsreus in die Suid-Afrikaanse mark. Deur volgehoue groei, het die onderneming van 'n kleinskaalse onderneming met self befondsing gegroei tot nou: 'n maatskappy wat meer as 'n honderd mense in diens het.

Dit bied honderde handelsmerke met verskeie betalingsopsies, asook doeltreffende aflewerings- en terugsendingsdienste aan.

Die teiken is op demografie en gedrag gefokus.

Oorwegings om die teikenmark te bereik is demografiese data, sake-ooreenkomste se data (wat, wanneer en hoeveel gekoop word, op watter platform koop hulle, ens.) en psigometriese data (smake, gunsteling, beïnvloeders, media belangstellings ens.)

Aangepas van: How Superbalist succeeds in targeting its customers almost individually (702.co.za)

6.7.1 Bespreek die belangrikheid van 'n suksevolle handelsnaam om die sukses van hierdie besigheid te verseker. (2)

6.7.2 Verduidelik hoe aanlyn-aankope van maatskappye soos Superbalist, 'n negatiewe impak op die verbruiker se koolstofspoor kan hê. (4)

6.7.3 Analiseer hoe die onderstaande komponente van die bemarking-samestelling gebruik word om die sukses van hierdie onderneming te verseker.

(a) Promosie (4)

(b) Prys (4)

**[40]**

## TOTAAL AFDELING B: [160]

## GROOT TOTAAL: [200]